Ontmoeting 1

Josua – van jongs af 'n leier

Kinders besef dat hulle ook leiers kan wees

Teks: Numeri 11:28, Josua 1:1–6, Josua 3:14–17, Josua 24:15
Hulpmiddels:

- Sandboks met rivier (foelie), figure en ' n verbondsark
- Klere vir die drama
- Kopieë van die huis
- Kopieë van die deurknophanger
- Inkleurkryte, koki' s, lint of tou, skêre, roomys–stokkies, gom

Welkom

"Rock, paper, scissors": (Hierdie speletjie werk beter met 'n groter groep en het geen voorbereiding nodig nie.) Speel 'n variasie op die speletjie. Laat die kinders twee–twee saam speel en na elke rondte moet hulle saam met iemand anders speel. Die speletjie het egter 'n kinkel in die kabel: met die eerste rondte begin jy as 'n volwassene. As jy dan wen, vorder jy na vlak 2 en word 'n tiener. As jy verloor, bly jy 'n volwassene. Wanneer jy dan weer wen (as jy 'n tiener is), vorder jy na die laaste vlak en word 'n kind. Dit is die finale vlak. As jy tot by vlak 3 ('n kind) gevorder het, is jy klaar. Sodra almal op vlak 3 is, is die speletjie klaar.

Wyding

Stilword–ritueel: *Speel 'n stukkie rustige musiek in die agtergrond en doen die volgende oefening saam met die kinders teen 'n stadige pas.* Almal begin in 'n hopie opgekrul op die grond, net soos 'n saadjie. Die son begin stadig skyn en julle kan die warmte van die son op julle voel skyn, net soos God se liefde. Groei nou stadig en maak asof jy 'n plant is wat groei(almal kan stadig regop kom en regop sit of kniel). Volgende gee God sy genade vir ons elkeen soos wat reëndruppels op plante val(groei en strek jou arms en bene tot dat julle regop staan). Laastens strek jou arms uit net soos die takke van die wingerdloot. Swaai nou jou arms soos takke en laat hang hulle asof daar druiwetrosse hang aan jou hande. Doen 'n kort gebed.

Woord

Hierdie kwartaal gaan ons "crazy" en brawe kinderstories hoor. Ek wonder of jy 'n "crazy" of brawe storie het. Vandag gaan ons luister na Josua se brawe storie.
Nadat die Israeliete deur die Rooisee gegaan het, was hulle vir 40 jaar in die woestyn. Die tyd het nader gekom dat hulle die land Kanaän kon binnegaan en in besit neem soos die Here belowe het. Moses het baie oud geword en gesterf. Na Moses se dood het 'n jong man wie se naam Josua was, die nuwe leier van die Israeliete geword.

Ons lees in Numeri 11:28 dat Josua van jongs af Moses se assistent was. Hy is van jongs af gekies om die leier van die *(Vertel die verhaal uit Josua 1:1–6 en 3:14–17. Gebruik ŉ sandboks om die verhaal te illustreer, dramatiseer dit of laat die kinders die verhaal dramatiseer.)*

Josua 1:1–6: "Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê: "Moses, my dienaar, is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees. Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed* aan hulle voorvaders beloof het."

(* eed = belofte)

Josua 3: 14–17

"Die volk het toe van hulle tente af vertrek om deur die Jordaan te trek. Die priesters wat die verbondsark gedra het, was voor hulle. Die draers van die ark het by die Jordaan aangekom. Gedurende die hele oestyd is die Jordaan gewoonlik vol, oor al sy oewers. Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom, het die water wat afkom, gaan staan. Dit het op een hoop gaan staan, ver boontoe by Adam, die stad langs Saretan. Die water wat afloop na die see in die Jordaanvallei, die Soutsee, was heeltemal afgesny. Die volk het regoor Jerigo deurgetrek. Die priesters wat die verbondsark van die Here dra, het daar binne in die Jordaan op die droë bedding gaan staan terwyl die hele Israel oor die droë bedding deurgaan tot die hele nasie uiteindelik deur die Jordaan is."

Hierdie gebeurtenis was vir Josua en die Israeliete ŉ teken dat God by hulle is. Hulle kon bang wees vir die water in die Jordaanrivier, maar hulle het op God vertrou toe Hy vir hulle gesê het om dapper en sterk te wees.

Omdat Josua die Here kon vertrou, het hy in Josua 24:15b gesê: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder waarom God vir Josua gekies het.
2. Ek wonder hoe Josua gevoel het daaroor dat God hom gekies het om die Israeliete te lei.
3. Ek wonder hoe ek sou voel as God vir my, al is ek baie jonk, 'n baie belangrike taak gee.
4. Ek wonder hoe ek ook getrou kan wees aan die taak wat God vir my gee om te doen.

(As julle nog meer oor Joshua wil uitbrei in die les, gaan laai gerus die les af waar Joshua en die volk die stad Jerigo inneem.)

Werskaf

- "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien." – Josua 24:15: Kopieer die prent van die huis op karton. Laat die kinders dit uitknip en met roomys–stokkies plak.
- Deurknophanger: Laat die kinders die deurknophanger uitknip en daarop teken hoe hul huise en huisgesinne lyk.

Sluit af met die seënbede

Die kinders sit of staan in ŉ sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regter–hand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om ŉ "blessing" aan te gee: Iemand begin om sy regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die bede aan in die rondte. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën;
En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.



Josua 24:15b

"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."

Josua 24:15b

"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."